

# Koffie saam met ...

# AntWoord

Santie Lourens (Kruispad-redaksie)

**A**ntWoord het in 2004 formeel met 'n internet-teenwoordigheid ([www.antwoord.org.za](http://www.antwoord.org.za)) as 'n Christelike bediening tot stand gekom. Uit André en Udo se ervaring met jongmense en vriende binne en buite die kerk, was dit duidelik dat baie mense met vroeë worstel, maar dikwels nie voldoende antwoorde by Christene kry nie. AntWoord het die behoefte raakgesien om plaaslike gemeentes by te staan. Die taak van die Christelike apologetiek (en die strewe van AntWoord) is die sinvolle beantwoording van vroeë oor die bestaan van God en die waarheid van die Christelike geloof – vroeë wat die fundamente van die Christelike geloof baie deeglik wil toets.

## Wat beteken AntWoord se naam en logo?

AntWoord verwys na 1 Petrus 3:15: "Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe."

Die Griekse woord apologia verwys daarna dat iemand (bv. in 'n hofsak) 'n antwoord ter verdediging moet gee. Die woord apologetiek kom hiervandaan en beteken dus nie om verskoning (apology) te vra vir iets nie.

Daar is drie maniere waarop God Homself aan ons openbaar. Dié maniere word simbolies in die logo voorgestel:

Eerstens deur sy seun, Jesus Christus (histories, sowel as deur die Heilige Gees). Die "I" in die logo herinner daarom aan die kruis.

Ons leer God ken deur sy Woord. Die hoofletter "W" verteenwoordig God se Woord, die Bybel.

God openbaar Homself ook deur sy skepping. "Ant" in die naam (en die mier in die logo) simboliseer die skepping.

## Wat is julle toekomsvisie vir AntWoord?

AntWoord se grootste behoefte is om die Christelike gemeenskap, in alle kerkverbande, bewus te maak van

die behoefte aan en belangrikheid van die Christelike apologetiek. Baie mense raak ontugter wanneer Christene vir hulle "goedkoop" antwoorde of selfs geen antwoorde op hulle vroeë gee. Ons visie is bewusmaking hieroor ter wille van die koninkryk van God. Ons hoop om in die proses hande te vat met soveel mense as moontlik.

## Wie is die gesigte agter die skerms van AntWoord?

**Udo Karsten (UK)** is sedert 1997 in verskeie hoedanighede by voltydse Christelike bedienings betrokke: onder meer vriendskap-evangelisasie op kibboetse in Israel, straat-evangelisasie, dissipelskap-ontwikkeling en kleingroep-fasilitering in Hillbrow en die Johannesburgse middestad, asook sportbediening (*Athletes in Action*) aan studente op die UJ kampus. Hy is sedert 2005 voltydse betrokke by AntWoord.

**André van Zyl (AZ)** is sedert 1995 by verskillende onderwysinstellings werksaam en is tans verbonde aan UJ. Onderwys is André se hoofbedieningsfokus, maar hy is steeds by verskillende kerkbedienings ingeskakel. Die totstandkoming van AntWoord is die vrug van 'n soortgelyke bediening wat sedert 2002 informeel in Gauteng bestaan.

**Johan Erasmus (JE)** kom oorspronklik van Newcastle en het by die PUK afgestudeer. Hy is tans besig met nagraadse studies in filosofie en betrokke by 'n kerkplanting-inisiatief aan die ooste van Pretoria.

**Roedolf Botha (RB)** is 'n evangelis, kerkleier, kerkplanter en leraar wie se persoonlike lewensmissie is om die evangelisering van die wêreld te bevorder deur die kerk van Jesus Christus op te lei deur seminare, DVD materiaal, lering en kerkplanting. Hy is tans besig met 'n doktoraal in Nuwe Testament by die Universiteit van Nijmegen in Nederland onder die Suid-Afrikaanse teoloog en skrywer, Jan van der Watt.

## Beskryf 'n tipiese dag in die lewens van die AntWoord-span?

Udo is gemoeid met die bestuur en opdatering van AntWoord se webwerf. Daar word gereeld nuwe artikels geplaas en e-posse beantwoord. Johan is betrokke by die reël van spreekgeleenthede oor verskillende temas. Saam met André en Roedolf, wat begaafde sprekers is, vorm hulle 'n diverse span, elk met unieke gawes en talente wat hulle aanwend in diens van die Here.

## Wat is een van die lekkerste oomblikke wat julle as groep in hierdie bediening al beleef het?

AntWoord het verlede jaar die besondere voorreg gehad om die Amerikaanse skrywer en spreker, Dr. William Lane Craig, na Suid-Afrika te nooi. Dr. Craig is 'n filosoof

en teoloog, en wêreldwyd bekend vir sy debatte met ateïste, Moslem-geleerdes en liberale teoloë. Dit was 'n besondere belewenis om vir 'n week saam met hom deur Suid-Afrika te toer en die debatte te reël waaraan hy deelgeneem het.

## Wat is die grootste lewensles wat julle elkeen eendag vir julle kinders sal leer?

**UK:** Hoe ons ander mense hanteer, vorm 'n groot deel van hoe waardevol hulle hulself ag.

**AZ:** Die groot storie waarvan jy deel is, gaan nie oor jou nie, dit is "HIStory".

**JE:** Moenie bang wees om te worstel of te twyfel nie. Vra jou vroeë met die wete as Christus werklik die weg en waarheid is, 'n eerlike soeke na Hom toe sal lei.

**RB:** Om te gee is belangrijker, voordeliger en lekkerder as om te ontvang.

## As elkeen 'n superpower kon hê, wat sou dit wees en waarom?

**UK:** Om tyd te laat stilstaan – en dan al die dinge te doen wat ek nog wou doen, maar nie tyd voor kry nie.

**AZ:** Om te kan vlieg, dit lyk altyd so lekker om soos 'n voëltjie in die lug te kan baljaar!

**JE:** ... is die tipiese *superhero* wat nie 'n meisie naby hom kan toelaat nie (vir haar eie veiligheid). Altans dit is die verskoning wat hy vir sy ma gee as sy navrae doen oor haar gebrek aan 'n skoondogter.

**RB:** Om te kan vlieg, wou nog altyd van kleins af.

## Wat is julle raad aan jong Christene wat 'n sukses van hulle lewens wil maak?

**UK:** Disipline is die fondasie vir sukses. As jy elke dag die klein dingetjies doen wat gedoen moet word, dinge wat belangrik is en ewigheidswaardes het, bou dit uiteindelik op tot 'n bepaalde tipe lewe en karakter.

**AZ:** As jy reeds die Here ken, sou ek sê lees en ondersoek die Bybel, want die Heilige Gees gebruik dit om jou gedagtes, woorde en daede met wysheid te vul.

**JE:** Jongmense het vandag die geweldige voorreg om in 'n diverse samelewing groot te word. Ek sal Christene aanmoedig om hul gemaksones te verlaat en vriendskappe met mense van ander rasse en gelowes te vorm. Jy hoef nie altyd iets te sê nie, soms is dit net nodig vir die ander persoon om gehoor te word. Ons moet ook nie goedkoop antwoorde vir ongelowige mense gee nie. Wees deurdag, eerlik en toegewyd in jou getuieis vir Christus.

**RB:** Moenie *blame* nie, neem verantwoordelikheid vir jou eie lewe, en *pay now to play later* in plaas van *pay now to pay later*. Doen die belangrike dinge NOU! «+»

Udo	André	Johan	Roedolf
... gunsteling TV-program?			
Dexter	Sport, veral as 'n nasionale span speel	Sport	Friends
... mooste Bybelvers?			
Kolossense 4:5 en 6	Psalm 103:13-14	Matteus 10:16	Romeine 8:37-39
... kledingstuk waarsonder jy nie kan klaarkom nie?			
My trail runner skoene	My fleece baadjie in die winter	My vest	My jeans
... lekkerste karaoke-liedjie?			
Enige liedjie van U2	Daar is geen manier nie ...	Psalm 119	U2 se <i>Where the streets have no name</i>
... mees gebruikte sê-ding?			
"Hoekom sê jy so?"	"Hoekom sê jy so?"	"Nee, Johan!"	"Chill, dude!"
... geliefkoosde tydverdryf?			
Adventure Racing	Staptoere	Grappies maak	Lees en flik
... gunsteling plek in die wêreld?			
Enige plek in die ongerepte natuur	Dag drie op die Otter staptoer	Die jaarlikse <i>Faith and Reason</i> konferensie en <i>Ocean Basket</i>	Disney World, Florida
... mees geïkete verskoning?			
"Ek het vergeet ..."	"My hond het dit opgeëet."	"My vrou het gesê ..."	"Ek's te besig!"
... maandelikse tandepasteverbruik?			
Halwe buisie Sensodyne	1/3 buisie Colgate Total	Ek borsel net wanneer ek uitgaan, so seker nie baie nie	Aquafresh - een buisie per maand

